

**I.M.S.**

Vol. I, No. 66

**MUNICIPALITY**



UNIVERSITEITSBIBLIOTEK  
UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH

22 OCT 1965

UNIVERSITY OF STELLENBOSCH  
UNIVERSITY LIBRARY

**STELLENBOSCH**

27th August, 1965.

## **OUR MUNICIPAL ELECTION SYSTEM**

Some time ago I referred to the fact that a Provincial Ordinance had been passed which contained some far-reaching amendments to our present system of municipal elections. Amongst other things Councils, will, commencing from next year, be elected for a four-year period, with half the total number of Councillors retiring every two years.

Subsequently I mentioned the idea that the number of Councillors would be reduced, in accordance with the thoughts contained in the Slater Report, which dealt with the affairs of Cape Town. In the case of the Mother City the Provincial Administration has already decided that the number be reduced from 45 to 34.

In a letter dated 18th August, 1965, the Director of Local Government informed us that the Administrator had decided to reduce the number of Municipal Councillors for Stellenbosch from 12 to 8. This is in line with the decisions regarding neighbouring towns. For Goodwood, Bellville and Worcester — to mention only a few — the number will also be 8. In the case of Uitenhage the Council has been trimmed from 15 to 10, whilst East London's will henceforth be 16 instead of 21.

## **MUNICIPAL SCHEMES AND WORKS**

It has become customary to report from time to time on the progress which has been made in the execution of the different public works schemes which are at present under construction.

Much of the attention of our construction gangs has lately been concentrated on Uniepark, where streets, are in the course of construction, and services such as water, sewerage, storm-

water drainage and electricity have to be provided before the plots can be offered to the public.

At the time of writing the grading of the streets serving the first hundred plots has been completed and a start has been made with the kerbing. The main sewer which had to be brought from Simonswyk has been completed and the sewerage network serving the area is progressing at a satisfactory rate. The main water pipe from the reservoir recently constructed for this area is presently under construction. So far the water reticulation and the electricity supply within the area have not been tackled but with the completion of the other services these will be commenced.

The Idas Valley housing scheme, comprising 168 houses, have reached an advanced stage, with quite a number under roof. It is hoped that some of these will be ready for occupation in the near future.

On a smaller scale three blocks of flats, more particularly for municipal employees, have been designed and tenders for these will now be invited.

We have all been following the progress which has been made in connection with the alterations to the street lighting in Plein Street. Despite the difficulties under which the Electricity Department has been working, much praise has been expressed at the efficient way in which the work is being done.

### **MILITARY TRAINING**

The Stellenbosch Kommando will be carrying out exercises on Papegaaiberg on the 27th and 28th of this month. I have been requested to make the fact known. Only blank ammunition will be used and precautions are being taken to prevent veld fires.

### **COUNCILLOR E. A. BLOMMAERT**

Councillor Blommaert has taken his seat in the Council again on his return from a two month's trip to Europe which took him and Mrs. Blommaert to Portugal, Spain, Italy, France, Switzerland, Germany, Scotland, England and Greece.

Apart from observing so much of interest to him both personally and as a Councillor, Mr. Blommaert has had the privilege of seeing the first Cricket test match in England and also the Davis Cup Tie between France and South Africa.

We welcome him back to his home town where there is so much to engage his attention.

## **ONS NUWE PROVINSIALE RAADSLID**

Dit was vir my aangenaam om op die jongste vergadering van die Raad melding te maak van die onbestrede verkiesing van mnr. P. J. Carinus as L.P.R. vir Stellenbosch. Langs hierdie weg wil ek hom namens die Raad en die gemeenskap hartlik gelukwens. Mnr. Carinus stam uit 'n ou geëerde Stellenbosse geslag wat hulle bydrae gelewer het tot die ontwikkeling van ons dorp en distrik. Ook mnr. Piet Carinus dien die gemeenskap reeds op talle terreine en ons het geen twyfel nie dat hy vir Stellenbosch veel gaan beteken in sy nuwe hoedanigheid. Die Stadsraad sien uit daarna om met hom saam te werk in alle sake waar die belange van die Stadsraad en die Provinsiale Administrasie betrokke is.

## **DIE VELDBLOMRESERVAAT JAN MARAISPARK**

Die Raad is begerig om met die ontwikkeling van hierdie Reservaat so spoedig moontlik verder te gaan. Aan die omheining van die Park word daar reeds gewerk en intussen is 'n Adviserende Komitee ook benoem bestaande uit mev. C. van Eeden, prof. P. Jordaan en mnr. F. Thiart met Raadslid mev. A. Eksteen as sameroepster. Die Komitee wys daarop dat voordat beplande ontwikkeling begin kan word, veel skoonmaak- en opruimingswerk eers gedoen moet word. Dit sluit in die verwydering van ongewenste bome en ander plantegroei, die regmaak van paadjies en aanlê van nuwes asook die voorsiening van parkeergeriewe op die terrein self. Aan hierdie sake sal die Raad dadelik aandag gee.

Ons wil graag 'n beroep op die publiek doen om onder geen omstandighede van die blomme in die Park te pluk nie. Slegs as die blomme in vrede gelaat word sal hulle 'n kans kry om saad te skiet en dus te vermeerder. Ons dink veral aan die pypies, fresias en ander fyn veldblömmetjies wat in die Park staan en daar besonder goed aard. Hierby dink ons ook aan die proteas wat op verskillende plekke voorkom.

## **BESOEK VAN FESTIVAL STRINGS LUCERNE**

Stellenbosch kan homself gelukkig ag dat hy in die nabye toekoms die voorreg sal hê om na hierdie beroemde Kamerorkes te luister. By die bekende musiekfeeste in Europa word die

optrede van die orkes gewoonlik as een van die grootste aantreklikhede beskou en 'n Johannesburgse koerant het die besoek van die groep aan Suid-Afrika as die gebeurtenis van die jaar beskryf. Die konsert in Johannesburg is dan ook binne enkele ure uitverkoop.

Stellenbosch is die enigste kleiner sentrum in die land waar die Orkes sal optree. Die konsert hier is op 14 September.

### **ARONSKELK-WEEK**

Die V.L.V. het die afgelope jare die goeie gebruik om in die begin van September elke jaar 'n aronskelk-week te reël. Rangskikkings van hierdie blomme wat juis nou op hulle mooiste is, pryk dan orals in die kantore, winkels en openbare geboue. Ook die Stadsraad was gelukkig om hierdie week in sy Raadsaal 'n sierlike rangskikking van aronskelke te hê. Ons innige dank aan die V.L.V. vir hierdie mooi gebaar.

### **KIESING VAN AMPSDRAERS**

Die Stadsraad het besluit om 'n spesiale vergadering te belê vir Dinsdag, 7 September, met die oog op die kiesing van ampsdraers vir die komende burgemeesterlike jaar.

---

10 September 1965.

### **THE NEW MAYORAL YEAR**

At a special meeting of the Council held on the 7th instant, it was decided to continue with myself and Prof. J. C. de Wet as Mayor and Deputy Mayor respectively. In the past it has been tradition for these offices to be occupied by the same persons for two years at a time, but in view of the fact that a new Council of considerably reduced size is to be elected in August next year, my fellow Councillors were of the opinion that no good purpose would be served by making a change at this stage. I sincerely trust that I shall be privileged to enjoy the hearty co-operation of the general public during my new term of office, as has been the case during the past two years.

At the same time it was decided to make some changes in the tasks allotted to various Councillors. As far as practic-

able we make an attempt to allocate departments to Councillors according to their personal preferences or inclinations, but unfortunately this is not always possible. Nevertheless, the distribution decided upon was made in an effort to divide the responsibility as evenly as circumstances would permit. The Chairmen for the ensuing year are as follows:—

Town Planning Staff Advisory Committee)	The Mayor
Finance:	The Deputy Mayor
Housing:	Clr. Mrs. A. M. Eksteen
Town Hall matters:	Clr. S. J. L. Roux
Traffic:	Clr. G. E. Hendriksz
Parks Sanatorium)	Clr. A. B. de Villiers
Lands and Forestry:	Clr. P. L. Strydom
Bantu Administration:	Clr. E. A. Blommaert
Public Works Building) Plans & Fire Brigade )	Clr. E. S. Swart
Electricity:	Clr. J. F. Uys
Sports and Museums:	Clr. G. C. Osler
Health:	Clr. C. W. Marais

Apart from these duties, there are also a considerable number of bodies on which Councillors are serving as nominees of the Council

The Council has a full programme of work for the coming year and the allocation of responsibilities to the individual Councillors was done with a view to attaining greater efficiency in the municipal administration.

## PERSONAL

It is with regret that we learn that two ex-Mayors have lately been in rather poor health. We refer to Mr. S. W. J. Liebenberg and Mr. C. F. D. Smit. The former is at present residing in the Strand and there is a possibility that he might at some future date return to Stellenbosch. Mr. Smit or rather Oom Stoffel, as we all know him, has not been well for some time and has on and off been in hospital.

To both of them I would like to extend the best wishes not only of the Council but also of the public at large for a full and speedy recovery.

17 September 1965.

## **DIE PADVEILIGHEIDSTROFEE**

Op 'n klein funksie wat verlede week in die Raadsaal gehou is, is die Padveiligheidstrofee wat onlangs deur Stellenbosch verower is, in ontvangs geneem. By daardie geleentheid het ek hulde gebring aan die publiek van ons dorp asook aan ons Verkeersafdeling vir hulle samewerking waardeur die onderskeiding wat ons te beurt geval het, moontlik gemaak is. Ook die Staatspresident het by die oorhandiging gewag gemaak van die feit dat dit 'n besondere prestasie vir 'n dorp soos ons s'n is, met sy unieke karakter en die samestelling van sy bevolking.

Op 'n wenk van die Verkeersafdeling sal die Trofee voortaan in verskillende sakeondernemings tentoongestel word en daarna vir 'n week of so 'n tuiste by elk van ons skole vind. Ek hoop dat daar ook geleentheid vir ons senior verkeersamptenare sal wees om skoliere terselfdertyd toe te spreek.

## **POLKADRAAIPAD**

Die Afdelingsraad van Stellenbosch is tans besig om 'n hele paar van sy hoofpaaie wat op Stellenbosch uitloop, te herbou. Een van hulle is 'n gedeelte van die sogenaamde Polkadraaipad wat by die Vlothenburgstasie verbyloop om verderaan by Setlaarsweg aan te sluit. Die pad word tans tot by General Box verbreed sodat dit twee rybane en 'n fietsbaan sal hê. Vanaf General Box, oor die Adam Tasbrug, is die Munisipaliteit vir die pad verantwoordelik en die vraag het ontstaan of hierdie gedeelte tot waar dit by Adam Tasstraat aansluit nie ook breër gemaak moet word om aan te sluit by die nuwe pad van die Afdelingsraad nie.

Samesprekings is onlangs met die Afdelingsraad gevoer hieroor en die Stadsraad besef dat die verbreding mettertyd noodsaaklik sal word. Dit beteken dat die brug ook verdubbel sal moet word. Die aangeleentheid word nou deur deskundiges ondersoek.

## **STRAATNAME VIR UNIEPARK**

Etlike inwoners het onlangs die vraag gestel of die strate in die voorgestelde dorpsgebied Uniepark reeds van name voor-

sien is. Daar sal onthou word dat die publiek se hulp in hierdie verband ingeroep is en heelwat wenke is dan ook aan ons gestuur. Uiteindelik het die Raad op 'n aantal name besluit en graag noem ek hulle hier. Die straat wat vanaf Aanhou-Wen-onderverdeling onderkant Uniepark sal loop om by Simonswyk aan te sluit, is Martinsonstraat. Die twee hoofstrate wat om Uniepark sal loop, sal bekend wees as Unielaan en Provinsielaan.

Die strate binne die dorpsgebied sal die volgende name hê: Hoflaan, Transvalialaan, Trengrovelaan, Oranjelaan, A. P. Venterlaan, Markotterlaan. Dan is daar ook 'n Morkelstraat wat tussen Jonkershoekweg en Martinsonstraat sal loop, terwyl die voorgestelde verlenging van Jannaschstraat aan die oostekant van Jan Maraispark bekend sal wees as Charl van der Merwe Wandelpad.

## **OORHANDIGING VAN R3,000 DEUR DEPARTEMENT VAN KLEURLINGSAKE**

Op 'n funksie wat op Saterdag, 11 September 1965 in die Raadsaal gehou is, het mnr. Dreyer, die waarnemende Hoof-inspekteur van Kleurlingskole van die Departement van Kleurlingsake 'n tjek ten bedrae van R3,000 oorhandig vir verdere ontwikkeling van die nuwe Kleurlingsportterrein. Dit het geskied in die teenwoordigheid van 'n aantal Raadslede sowel as lede van die Idasvallei Bestuurskomitee en die Raad van Beheer oor die Idasvallei Sportterreine. Dit is die tweede betaling wat vir die doel gemaak word, aangesien R2,000 reeds verlede jaar geskenk is. Mnr. A. A. Cupido, Voorsitter van die Beheerraad het die tjek in ontvangs geneem en mnr. Dreyer wat vergesel was van mnr. Louw, van die Bellvillese streekkantoor, paslik bedank. Mnr. P. Newman, Voorsitter van die Bestuurskomitee, het namens die Kleurlingbevolking waardering betuig vir die mooi gebaar. Tesame met die genoemde skenkings beskik die Beheerraad oor 'n verdere ±R2,800 wat deur hulle self oor die jare bymekaar gemaak is. Met die fondse tot hulle beskikking kan daar met groot ywer aan die werk gespring word om die sportgronde te ontwikkel.

**W. C. DEMPSEY.**

PRO EC. 9/65-A1511